# Elfde Volkskonsilie[1] van die Geloftevolk in Suid-Afrika

29 Maart tot 1April 2024nM; Holfontein [Ottosdal].

[**Jak.4:15b As JHWH [die HERE] wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.**

## Tema:

### Jos.3:5 Verder het Josua aan die volk gesê: Heilig julle; want môre sal JHWH[2] [die HERE] wonders onder julle doen.

Hierdie byeenkoms is 'n MOET in terme van:

**Deut.16:16** Drie maal in die jaar moet al jou manne **voor die Aangesig van JaHWeH jou EL** *[die HERE jou God]* verskyn **op die plek wat Hy sal uitkies**; op die **Fees van die Ongesuurde Brode** en op die Fees van die Weke en op die Huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van JaHWeH verskyn nie;

Geagte Volksgenoot

Kent gij dag Volk vol heldenmoed?

of

Gaan u ten gronde weens 'n gebrek aan kennis?

Terwyl Babilon se brande al hoe wyer uitkring en die wêreld hul voorberei vir 'n Tegnokrasie, is hier verskeie inisiatiewe, wat ná 30 jaar van multikulturele- en multigodsdienstige demokrasie, ywer vir selfbeskikking. Die AFRIKANER AKKOORD en EMANSIPASIE is onder bespreking en planne word beraam om die WESKAAP af te stig. Die positiewe sy hiervan is dat daar nou weer volksgenote is wat bereid is om hul te beywer vir 'n eiesoortige toekoms.

Uiteindelik is die Demokratiese RSA van 1994 nie meer die oplossing vir al die probleme wat Jan van Riebeeck en Apartheid veroorsaak het nie en is genoeg mense nou moeg vir die 30 jaar van swart meerderheids regering waardeur die land oor die afgrond gestoot is. Alle fasette van Westerse beskawing is deur die nimmereindigende "Struggle" vervang met Afrikanisme[3]. Die DENELKRASIE [[4]] van 1994, wat internasionaal aangehelp is met Nobel prys en al, het misluk en is nou bekroon met

---

[1] Met volkskonsilie word bedoel dat dit 'n volksvergadering is waartydens Skriftuurlike sake ter sprake kom. Konsilie staan met 'n Raad in verband.

[2] Die Naam van Hom Wie Homself aan Moses met die Gedenknaam JHWH bekend gestel het en deur die Bybelvertalers met *die HERE* vervang is. Algemeen uitgespreek as Jahweh – Sien 'n verklarende Bybel- Ex.3:15. Volgens Jes.52:5-6 kom die gebruik van ander name in die plek van Sy Gedenknaam neer op laster. Dit sal in dié dag beëindig word aangesien Hy Sy Naam aan Sy volk bekend sal maak- lees ook Jer.23:26-27 en Hos.2:15-16. Let ook op dat Jesus 'n vertaling is van Jahshua [JHHWSA] wat ons Verlosser se Hebreeuse Naam is.

[3] Afrikanisme is 'n bestel waarin inboorling/inheemse reg oorkoepelend oor enige ander internasionale bestel toegepas word.

[4] **De** Klerk/ **Nel**son Mandela.

rommelstatus. Die eenheid in verskeidenheid van die swart meerderheid keer terug na tradisionele etnisiteit en beveg voormalige politieke kaders mekaar vurig.

‘n Algemene verkiesing is voor die deur en word van burgers verwag om ‘n nuwe regering in die lewe te roep om die onBybelse 1994 Demokratiese RSA te laat voortleef. Elke persoon vir wie die Bybel die Oppergesag is, verloën God Almagtig deur aan die komende verkiesing deel te neem. Volgens Deut.17:14-15 [[5]] mag Bybelgelowiges nie deel hê aan die aanstelling van ‘n nie-volksgenoot as heerser nie. Multigodsdienstige en multikulturele demokrasie is dus strydig met die Wil van JaHWeH [die HERE].

Bybelgelowiges sal moet herbesin hoe hulle wil leef. In ‘n Bybelse Teokrasie of in ‘n Babiloniese Demokrasie. Die multigodsdienstige RSA is boonop strydig met die Eerste Gebod. *“Eks. 20:3 Jy mag geen ander gode voor My Aangesig hê nie.”*

Demokrasie lei daartoe dat die meerderheid die wette maak, wat Bybels gesproke onwettig is vir die Protestantse Christen [Ex.23:2[6]].

Sekulêre Emansipasie en die Afrikaner Akkoord kan nie selfbeskikking tot stand bring nie. Die “self” van selfbeskikking kan tog nie op meer as een volk in dieselfde geografiese gebied, betrekking hê nie. Ons is ‘n heilige volk en ons toekoms is ‘n Koninklike Priesterdom [1Pet.2:9]. Bileam het as volg oor ons geprofeteer: ***Núm 23:9*** *Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. Kyk, ‘n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.* Die volkshuis wat ons moet stig moet aan Bybelse standaarde voldoen - ***Ps.127:1*** *‘n Bedevaartslied. Van Salomo. As JHWH [die HERE] die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as JHWH [die HERE] die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.”*

Ons geskiedenis spreek van Bybelse beginsels en Goddelike[7] leiding. Om ons op multikulturele demokrasie te beroep is om ons geskiedenis en God Almagtig die rug te keer. Die behoudende Skrifgelowige blanke burgers van die RSA is in die aanloop tot die 1994 verkiesing in ‘n bedrieglike politieke volksmoord in gelok [8].

---

[5] **Deut.17:14** As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: Ek wil ‘n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is, :15 dan moet jy sekerlik ‘n koning oor jou aanstel wat die HERE jou God [JaHWeH jou Elohijm] sal verkies; uit die midde van jou broers moet jy ‘n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie.

[6] **Eks.23:2** Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in ‘n regsaak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie.

[7] Die Skepper en Onderhouer van die heelal, Wie Homself as JHWH aan Moses bekend gestel het.

[8] **Cyril Ramaphosa and the story of the frogs in the water**
https://www.politicsweb.co.za/opinion/the-anc-and-ramaphosas-1994-plan-for-the-whites
In recently published memoirs, one of Cyril Ramaphosa's main opponents pays generous tribute to his character and negotiating skills during the talks leading up to the new South African constitution and the election in 1994.
Dr Mario Oriani-Ambrosini, who died in 2014, was a constitutional lawyer who became an MP. He was also a key adviser to Prince Mangosuthu Buthelezi both during the negotiations and afterwards when the latter was minister of home affairs in the governments of national unity. His memoirs – the Prince and I: A South African Institutional Odyssey – are published this year by his estate.
According to the memoirs, Mr Ramaphosa, "stood head and shoulders above his colleagues" in the African National Congress (ANC) as well as above the National Party's negotiators. He was a "born leader" and a "straight shooter". Nor did he ever lie or "misrepresent anything".
What then are we to make of this paragraph in Dr Oriani-Ambrosini's intriguing memoirs?
**"In his brutal honesty, Ramaphosa told me of the ANC's 25-year strategy to deal with the whites: it would be like boiling a frog alive, which is done by raising the temperature very slowly. Being cold-blooded, the frog does not notice the slow temperature increase, but if the temperature is raised suddenly, the frog will jump out of the water. He meant that the**

Ons het egter 'n TEOKRATIESE TOEKOMS binne Gelofteverband.

Ons Vryheidsmanifes is opgeteken in die 1838 [**Eindnota** i] en 1880 [**Eindnota** ii] Geloftes.

Die vervulling [9] van genoemde Geloftes kom neer op 'n Teokratiese bestel binne die voormalige Zuid-Afrikaansche Republiek [ZAR] en die Oranje Vrijstaat [OVS]. Die huidige inisiatiewe m.b.t. selfbeskikking het geen bestaansreg binne Gelofteverband nie. Met 'n stembrief draai u, u rug op JHWH [die HERE]. U verloën Hom [10] deur volksvreemdes oor u aan te stel. Ongehoorsaamheid lei tot strafgerig – Deut.28:15-68.

MAAR DAAR IS 'N UITWEG UIT DIE HUIDIGE STRAFGERIG.

Ons as behoudende blankes sal ons selfbeskikking moet bekom soos wat die Voortrekkers hul selfbeskikking bekom het. Hulle het uit beginsel weggebreek van die liberale Britse oorheersing om vir God Almagtig tot volk te word [iii] en het deur loutering by Bloedrivier en Majuba die oorwinning uit Sy Hand ontvang.

Ons Volksgeloftes gee erkenning aan ons hemelse Vader, Seun en Gees se betrokkenheid in ons volkswording en maak voorsiening vir Bybelse soewereiniteit. DIT IS AL WAT SAL WERK! Ons hemelse Vader is steeds betrokke by ons volkswees en het meer as 120 jaar gelede aan Nicolaas [Siener] van Rensburg gewys dat ons 'n baie donker tyd sal beleef waarna ons 'n Republiek sal kry en dat al ons vyande in daardie tyd uit ons land uit sal verdwyn. Daar kom 'n tyd wat ons sonder brandstof en elektrisiteit sal wees. Siener maak melding van 'n wêreldoorlog wat sal begin met die dood van 'n groot Engelse Staatsman. Hy maak ook melding van die dood van die Britse koning en 'n daaropvolgende burgeroorlog weens twis tussen sy seuns oor die kroon. Engeland wat deur 7 plae van die toeneel verdwyn en Duitsland wat toetree tot ons stryd. Dat die parlement na die derde blou brief uitmekaar spat omdat ons 'n Republiek kry – DIE VIERKLEUR WAPPER WEER, A.W.G. Raath en N. van Zyl, Hoofstuk 3.3. Gesien in die lig van die 1914 Rebellie van die ZAR en OVS, en Duitsland se hulp ingevolge die Traktaat, dui die republiek wat ons kry op die ZAR en OVS, wat algemeen bekend staan as die Boererepublieke. Siener sien dan ook dat die Vierkleur weer sal wapper.

Die herstel van die Boererepublieke kom ook ter sprake in die sakelys. Die sakelys is met lotsbeslissing deur die Lewende Elohijm [God Almagtig] aangewys [11]. Soos wat Hy die toekoms vooruit aan die profete bekend gemaak het, het Hy ook ons toekoms vooruit aan ons as Geloftevolk tydens die Anglo-Boereoorlog [ABO] bekend gemaak deur aan Siener van Rensburg honderde visioene te gee wat reeds tydens sy lewe [gedurende die oorlog] in vervulling begin gaan het. Wees dus bewus van God Almagtig se betrokkenheid in ons heil en word deel van wat Hy vir ons beoog.

Die besprekingspunte bring die Mandaat van Volksvergadering 2009 [**Eindnota iv**] op verbasende wyse in verband met Bybelse profesie en huidige wêreldgebeure. Die volgende drie paragrawe is 'n voorstelling van hoe die *besprekingspunte* profeties,

---

**black majority would pass laws transferring wealth, land, and economic power from white to black slowly and incrementally, until the whites lost all they had gained in South Africa, but without taking too much from them at any given time to cause them to rebel or fight."** *[verkort – sien skakel vir hele berig]*

9 https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

10 Deut.17:14-15

11 Volgens Hand.1:15-26 is Matthías by wyse van lostbeslissing as 12de Apostel aangewys. Andries Pretorius is ook met die lot aangewys asook die eerste Voortrekker kerkraad in Natal.

geskiedkundig en binne hedendaagse gebeure, met mekaar in verband kan staan. Dit moet saamgelees word met die vervulling van die Geloftes van Bloedrivier en Paadekraal en die Tema van die byeenkoms, nl.: ***Jos.3:5*** *Verder het Josua aan die volk gesê: Heilig julle; want môre sal JHWH [die HERE] wonders onder julle doen.*

Hiermee die *bsprekingspunte* binne Gelofte- en profetiese verband:

- Die Erekoning van *Psalm 24:10* en Sy betrokkenheid *by Die koningskap van JaHshuah t.o.v. die Teokrasie van die Boererepublieke* is 'n sprekende voorbeeld van ons toekoms binne Gelofteverband, wat die stigting van 'n huis is waar dit ons hemelse Vader behaag nl. die Boererepublieke en sluit dit aan by die *Herstel van die Teokrasie soos dit was voordat die Volk 'n menslike koning wou hê.* Dit kom daarop neer dat die Boererepublieke 'n Teokrasie gaan wees met JaHshuah [Jesus] as ons koning, welke koninkryk en koningskap in verband staan met *Mark.9:1 saamgelees met Hand.1:4-9 en Hand.2:1-4* wat mens laat dink aan Jer.31:31-34 wat die Nuwe Verbond in die vooruitsig stel en die oorgang is na die Melgisedek Orde soos in die vooruitsig gestel in *Mat.24,* wat spreek van die wederkoms waarvoor ons gereed moet wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat niemand dit verwag nie, wat aansluit by ons vorige Volksvergadering se tema nl.: "Die uur het gekom [Joh.17:1]. Ons moet dus die Woorde van *Haggai 1* ernstig opneem en die Geloftehuis stig wat in verband staan met die herstel van die Tempel in Haggai se tyd sodat die plek waar dit ons Vader behaag dat die huis gestig moet word in gereedheid kan kom. Dit staan in verband met *Die poort van die plek soos bedoel in Op.12:6 en 14* se wegvoering van die vrou na die plek in die woestyn vir die bepaalde tyd, wat aansluit by *Op.17:12-17 aan die hand van die heiliging van die Geloftevolk se tydperk in die Boererepublieke.* Hiermee word die NWO, nl. die 10 konings wat Babilon moet vernietig en een uur saam met die dier moet regeer, profeties gekoppel aan die vervulling van die Geloftes binne die Boererepublieke en die oorlog tussen die 10 konings en die Lam en dié wat saam met Hom is, *[geroepe en uitverkore en getrou]*. Dit staan alles in verband met *Die pad vorentoe vir die Geloftevolk* soos uiteengesit in *Spreuke 18:1 m.b.t. die nakoming van die drie Volksgeloftes*, waar nalatigheid [Deut.23:21-23 & Pred.5:3-5] alles bestry wat waarlik tot voordeel strek en die rede is vir die strafgerig waarin ons tans verkeer. Ons byeenkoms is ook ten tye van die Fees van Ongesuurde Brode en die gepaardgaande jaarlikse herdenking van die Nagmaal, en sluit dit aan by *Ps.116:14,18,19* se betaal van die geloftes deur die ganse volk- soos ook onderneem is in die Paardekraal Gelofte. Al ontbreek die ganse volk nog, moet ons volhard in die geloof en daarop steun dat JHWH vir Elia bemoedig het met die 7000 man wat die knieë nie voor Baäl gebuig het nie [1Kon.19]. Binne konteks van *Lukas 10:16* as besprekingspunt moet ons nie huiwer om ons Gelofteverpligting en *Die uitvoering van die mandaat van volksvergadering 2009* na te kom nie, aangesien hulle wie na ons luister, luister na Jahshua [Jesus] en wie ons verwerp, verwerp Hom Wie Jahshua gestuur het. Dit sluit aan by die tong wat teen ons opstaan soos wat *Jes 54:17* van melding maak: "Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van JHWH [die HERE] en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek JHWH [die HERE]. Die erfdeel sluit aan by *Jos.3:1-11 met die klem op vers 6*, dat ons ons Geloftes as ons verbondsark ter harte sal neem en as volk jaarliks by Paardekraal byeen sal kom waar die 1880/81 oorwinning oor Britanje begin het met 'n gelofte en 'n klipstapeling en die ZAR en later die OVS Godgegewe grond [ons beloofde land] geword het en

staan in verband met die klipstapeling met die deurtog deur die Jordaanrivier, wat die volk kon herinner aan die intog die Beloofde Land in. Die Boererepublieke is Gelofteland [ons beloofde land] en Jahshua sal oor ons heers op Teokratiese wyse. Die vervulling van ons geloftes sluit aan by *Esegiel 33 m.b.t. ons plig om die basuin te blaas* sodat ons as volk kennis kan neem van die werklike inhoud van die Geloftes en kan terugkeer na die kontrak wat by Bloedrivier en Majuba met bloed beseël is; Eseg.33 verwag ook van ons om die gebruik van afgodsoffers aan te spreek soos verwoord in *1Kor.10:14-22 en Op.2:14,20 binne konteks van die totstandkoming van die huidige multigodsdienstige bestel;* Asook Kersfees as volksvreemde fees waarvan *Jer.10:1-16 met die klem op verse 2-4* spreek. Eseg.33 verwag ook van ons om die basuin te blaas m.b.t. *Jer.7 binne konteks van ds. Dubois du Toit se openbaring van die opleiding van Predikante van die NG kerk*. Met die blaas van die basuin kan bekering intree en kan *Jes.29* se verlossing van mensegebooie en wêreldmagte plaasvind.

- Volgens *1Joh.2:18,19* bevind ons ons in die laaste uur en is die koms van die antichris voor die deur en sluit dit aan by *Die Koning van die Noorde en die Koning van die Suide se verband met die antichris soos in die boek Daniel*. Esau en Ismael se stryd kom ter sprake in *Obadja en die huidige wêreldgebeure in Palestina* en die grondgebied wat deur Jakob en Josef herwin sal word en die Koninkryk sal aan JHWH behoort. Die oorlog in Palestina sluit aan by *Esegiel 38 en 39 binne die konteks van die huidige wêreld gebeure* wat blyk die oorlog van Eseg.39 te wees. Die COVID 19 pandemie baan die weg vir *Die WGO se plan om beheer oor te neem oor die lidlande se soewereiniteit* as poging om 'n NWO te skep terwyl die presidente van Shina en die RSA as lede van die *Die BRICS Stelsel* hulself in die openbaar verbind het om 'n NWO tot stand te bring.
- Ons moet na alles *Efe.5:1-21* ter harte neem en navolgers van Jahshua wees *":5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God [El] nie."*

Die Besprekingspunte boesem vertroue in, in God Almagtig se plan met ons as oorblyfsel hier duskant die riviere van Kus. Die verwesentliking hiervan sal 'n reeks van wonders wees wat JHWH onder ons gaan doen soos wat die Tema aandui. Ons geskiedenis getuig van Sy wonders en ons toekoms wag op die wonderbelaaide vervulling van die besprekingspunte wat deur Lotsbeslissing aan die orde geplaas is.

U ontvang hiermee kennis van 'n Volksbyeenkoms van die GELOFTEVOLK wat in terme van die Mandaat van die 2009 Volksvergadering te Vegkop [12], die SOEWEREINITEIT van die GELOFTEVOLK binne GELOFTEVERBAND moet fasiliteer.

Teen hierdie tyd weet volksgenote wat bekend is met die volksbyeenkomste wat plaasvind onder leiding van die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK], dat vergaderings plaasvind volgens **Bybelse voorskrifte wat datum, sakelys en plek van samekoms aanbetref**. Besprekingspunte en sprekers **word met lotsbeslissing vasgestel** [Spr.16:33[13] en Hand.1:15-26[14]].

[12] Sien Eindnotas vir die Mandaat

[13] **Spr.16:33** In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van JaHWeH [die HERE].

[14] **Hand.1:23** En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthías. :24 En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het :25 om

Andries Pretorius as aanvoerder van die Strafkommando is met die lot aangewys **[Eindnota v]** asook die eerste Voortrekker kerkraad in Natal **[Eindnota vi]**. Jammerlik is hierdie gebruik nie binne volksverband voortgesit nie, wat beteken dat Vader JHWH se Seggenskap in die aanwys van volksleiers [Deut.17:14-15], nie deur kerk of staat eerbiedig word nie. Sy Inspraak is deur demokrasie vervang, en gaan ons ten gronde onder leiding van predikante en politici [15]. Volgens Ex.23:2[16] mag die meerderheid nie gevolg word in die verdraaiing van die reg [verandering van die wette] nie.

Volgens die **Outentieke Gelofte van Bloedrivier, moet 'n huis gestig** word waar dit ons hemelse Vader behaag, wat neerkom op die vestiging van 'n **Teokratiese volksregering** [1Kon.11:38[17]]. Daar is **nooit ooreengekom dat 'n kerk gebou** moes word ter vervulling van die gelofte, soos wat ds. G.B.A. Gerdener se rekonstruksie van Sarel Cilliers se gelofte[18] en W.E.G Louw[19] se vertaling daarvan, insinueer nie. Professore H.B. Thom en S.P. Engelbrecht se argivale ondersoeke op aandrang van die SVK[20] kon ook nie die bou van die sogenaamde Geloftekerkie in Pietermaritzburg bevestig as die vervulling van die gelofte nie. Die werklike Cilliers weergawe maak nie eers melding van die bou van 'n kerk nie.

Vir meer oor die outentieke gelofte en die vervulling daarvan, kan u die verslag daaroor m.b.v. die volgende skakel bekom:

https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

Ons Geloftes is die bewys dat Vader JaHWeH [die HERE] ons koms hierheen voorsien het en in tye van nood ons bygestaan het. Die datums van ons geloftes is reeds in die vooruitsig gestel met Jan van Riebeeck se reis hierheen. Hy het op **16 Des.** 1651 aan boord die Drommedaris gegaan en op **6 April** 1652 in Tafelbaai aangekom. Ons is vanaf ons ontstaan Geloftevolk. Ons ontstaan en voortbestaan is verbonde aan ons geloftes

---

die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek. :26 Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.

[15] Sien bv. Wêreldraad van Kerke se Cottesloe beraad, Afrikaner Bond se dokument: Draer van 'n Ideaal 1918-1997, Die Rustenburgse deklarasie. Tydens 1910 se Uniewording is die Volksraad sisteem van die Boererepublieke [waarin lotsbeslissing toegepas is] vervang met demokrasie.

[16] **Ex.23:2** Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in 'n regsaak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie.

[17] **1Kon.11:38** En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë **deur my insettinge en my gebooie te hou**, soos my kneg Dawid gedoen het, dan sal Ek met jou wees **en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het**, en Israel aan jou gee.

[18] "Mijne Broeders en mede-landgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God, van Hemel en aarde, om een belofte aan hem te beloven, als hij met zijne bescherming, met ons zal wezen, en onze vijand in onze handen, zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag, en de datum, elk jaar als een verjaarsdag, en een dankdag, zoo als een Sabbath, en zijne eere, dienen zal, doorbrengen en dat wij het ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons er in moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomende geslagten, en als iemand is die er onder bezwaard bevind, dat die dan van deze plaats, weg moeten gaan, Want de eere van zijn naam, daardoor zal verheerlijk worden, dat de roem en eer van overwinning, aan hem zal worden gegeven, Ik zeide ook verder, dat wij in de gebed zamen moeten deelen, die tot den troon van Zijne Genade zal worden opgezonden, en zoo voor, en ik bereyde mijne handen, na de Hemel uit, in naam van ons allen"

[19] "My broeders en mede- landgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag, soos 'n sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hul met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van Sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee."

[20] Sentrale Volksmonumentekomitee

met Vader JaHWeH. Laat ons dit nakom en in vrede met Hom leef, aangesien ons tans gestraf word vir nalatige gelofteonderhouding soos opgeteken in Deut.23:21-23 en Prediker 5:3-5.

Met dit in gedagte sal die Volkskonsilie op sterkte van Deut.16:16 en Jak.4:13-15 plaasvind. Volksgenote word hiermee herinner aan die afspraak wat ons volgens Deut.16:16 met die Allerhoogste het, en Hy met ons. Mag Hy ons begenadig.

# PROGRAM

## Tema:

**Jos.3:5** Verder het Josua aan die volk gesê: Heilig julle; want môre sal JHWH [die HERE] wonders onder julle doen.

## Plek: **Holfontein [Ottosdal]**

**Padbeskrywing na die terrein:**

- Vanaf Coligny neem die Hartbeesfontein pad vir 24km, draai regs op Bospoortpad vir ongeveer 29,4 km. Neem afdraai na regs op Holfonteinpad (grondpad) vir ongeveer 1km, by huis aan linkerkant draai regs deur motorhek weer vir ongeveer 1km tot op die terrein.
- Vanaf Hartbeesfontein neem die Colignypad vir ongeveer 28km. Draai dan links op die Bospoortpad vir ongeveer 29,4 km. Neem afdraai na regs op Holfonteinpad (grondpad) vir ongeveer 1km, by huis aan linkerkant draai regs deur motorhek weer vir ongeveer 1km tot op die terrein.
- Vanaf Ottosdal neem die Bospoortpad vir 13.3km. Draai dan links op Holfontein pad vir ongeveer 1 km. Kyk uit vir motorhek op regterkant regoor huis [op linkerkant].
- Vanaf Lichtenburg neem die Ottosdal pad vir 57 km draai links op Holfonteinpad (grondpad) vir 12km. Motorhek dan op linkerkant regoor huis.

## Sakelys:

### Vrydag 29 Maart

| | | |
|---|---|---|
| 12h00 - 12h30 | **Opening en ordening**. | |
| 12h30 – 13h00 | Jos.3:1-11 met die klem op vers 6. | Jurgens v Zyl |
| 13h00 - 13h20 | Bespreking | |
| 13h20 - 14h00 | Ete – selfvoorsienend | |
| 14h00 - 14h30 | Die Herstel van die Teokrasie soos dit was voordat die Volk 'n menslike koning wou hê. | Johan Erasmus |
| 14h30 - 14h50 | Bespreking | |
| 14h50 – 15h20 | Ps.116:14,18-19 | Carel Lehmann |
| 15h20 - 15h40 | Bespreking | |
| 15h40 - 16h00 | Blaaskans | |
| 16h00 - 16h30 | Spreuke 18:1 m.b.t. die nakoming van die drie Volksgeloftes. | Phillip Groenenstein |
| 16h30 - 16h50 | Bespreking | |
| 16h50 - 17h20 | Psalm 24:10 | Conrad v Niekerk |
| 17h20 – 17h40 | Bespreking | |

17h40 Dag afsluiting

## Saterdag 30 Maart

08h00 - 08h30 **Opening en ordening.**
08h30 - 09h00 Die koningskap van Jahshuah *[Jesus]* t.o.v. die Teokrasie van die Boererepublieke. Kobus Botes
09h00 - 09h20 Bespreking
09h20 - 09h50 Op.17:12-17 aan die hand van die heiliging van die Geloftevolk se tydperk in die Boererepublieke. Flip Swanepoel
09h50 - 10h10 Bespreking
10h10 - 10h30 Blaaskans
10h30 - 11h00 Die poort van die plek soos bedoel in Op.12:6,14. Michael Lombard
11h00 - 11h20 Bespreking
11h20 - 11h50 Mark.9:1 saamgelees met Hand.1:4-9 en Hand.2:1-4. Flip Swanepoel
11h50 – 12h10 Bespreking
12h10 – 12h40 Esegiel 33 m.b.t. ons plig om die basuin te blaas. Henko Steenkamp
12h40 – 13h00 Bespreking
13h00 - 14h00 Ete – selfvoorsienend.
14h00 - 14h30 Jer.10:1-16 met die klem op verse 2-4. Tienie Dumas
14h30 – 14h50 Bespreking
14h50 – 15h20 Jer.7 binne konteks van ds. Dubois du Toit se openbaring van die opleiding van predikante van die NG kerk. Ds. Dubois du Toit
15h20 - 15h40 Bespreking https://www.youtube.com/watch?v=ZGUBGYTUsn8&ab_channel=KairosNetwerk
15h40 - 16h00 Blaaskans
16h00 - 16h30 1Kor.10:14-22 en Op.2:14 en 20 binne konteks van totstandkoming van die huidige multigodsdienstige bestel. Tienie Dumas
16h30 – 16h50 Bespreking
16h50 – 17h20 Jes. 54:17 Dr. Jann Schlebusch
17h20 – 17h40 Bespreking
17h40 Dag afsluiting

## Sondag 31 Maart

08h00 - 08h30 **Opening en ordening.**
08h30 - 09h00 1Joh.2:18,19 Kobus Botes
09h00 - 09h20 Bespreking
09h20 - 09h50 Mat.24 Hansie Swanepoel
09h50 - 10h10 Bespreking
10h10 - 10h30 Blaaskans
10h30 - 11h00 Die Koning van die Noorde en die Koning van die Suide se verband met die antichris soos in die boek Daniel. Niklaas Buys
11h00 - 11h20 Bespreking
11h20 - 11h50 Esgiel 38 en 39 binne die konteks van die huidige wêreldgebeure. Chris du Plessis
11h50 – 12h10 Bespreking
12h10 – 12h40 Obadja en die huidige wêreldgebeure in Palestina. Conrad v Niekerk
12h40 – 13h00 Bespreking
13h00 - 14h00 Ete – selfvoorsienend.
14h00 - 14h30 Die BRICS Stelsel. Johan Grobbelaar
14h30 – 14h50 Bespreking
14h50 – 15h20 Die WGO se plan om beheer oor te neem oor die lidlande se

| | | |
|---|---|---|
| | soewereiniteit. | Michael Lombard |
| 15h20 - 15h40 | Bespreking | |
| 15h40 - 16h00 | Blaaskans | |
| 16h00 - 16h30 | Haggai 1 | Pieter Kruger |
| 16h30 – 16h50 | Bespreking | |
| 16h50 – 17h20 | Jes.29 | Jurgens v Zyl |
| 17h20 – 17h40 | Bespreking | |
| 17h40 | Dag afsluiting | |

**Maandag 1 April**

| | | |
|---|---|---|
| 08h00 - 08h30 | **Opening en ordening.** | |
| 08h30 - 09h00 | Efes.5:1-21 | Jurgens v Zyl |
| 09h00 - 09h20 | Bespreking | |
| 09h20 – 09h50 | Luk.10:16 | Dirk Bothma |
| 09h50 - 10h10 | Bespreking | |
| 10h10 - 10h30 | Blaaskans | |
| 10h30 - 11h00 | Die uitvoering van die Mandaat van Volksvergadering 2009 | Pieter Swanepoel |
| 11h00 – 11h20 | Bespreking | |
| 11h20 – 11h50 | Die pad vorentoe vir die Geloftevolk | Flip Swanepoel |
| 11h50 – 12h10 | Bespreking | |
| 12h10 | Afsluiting | |

Navrae: Inligting@volksvergadering.co.za

**Ordereëlings van die Volksvergaderings van die Geloftevolk in Suid-Afrika**

1. Reg van toegang is voorbehou vir die Geloftevolk wat as volg bely en gedefinieer is:

   1.1. Opsomming van wet:

   **Mat. 22:35-40** *[1933/53 Afrikaanse Bybel]*

   35 En een van hulle, 'n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Hom te versoek en gesê:

   36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?

   37 En JaHshua *[Jesus]* antwoord hom: Jy moet die HERE jou God *[JHWH jou EloHiJM]* liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

   38 Dit is die eerste en groot gebod.

   39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

   40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

   1.2. Bely dat JaHShuAh die MaShiJaH [Jesus die Christus] is en dat Hy die Seun van JaHWeH [die HERE] is en dat Hy die enigste Middelaar is tot die Ewige Lewe in die koninkryk van JHWH [die HERE].

1.3. Die Geloftevolk is daardie volk wat gebonde is aan God Almagtig weens die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880]. Ons is vanaf die begin Geloftevolk. Alhoewel ons ook as Boerevolk en Afrikanervolk bekend staan, vind ons grootste en vernaamste byeenkomste nog steeds rondom ons Geloftes plaas!

2. Afrikaans is die taal waarin die vergaderings plaasvind.
3. Die doel en tema van die vergadering soos uiteengesit in die kennisgewing vorm die grense waarbinne daar debat gevoer sal word.
4. Volksgenote is welkom om ander sake aan die komitee op te dra vir toekomstige vergaderings.
5. Geen persone of instansies mag verkleineer of bevorder word nie.
6. Deelnemers aan die vergaderings word versoek om op eerbiedige wyse die aanspreekvorme van ons hemelse Vader, Seun en Heilige Gees te gebruik waarmee hulle vertroud is.
7. Die vergaderings distansieer hul van enige geweldsoptrede teen die huidige bestel, wat 'n strafgerig is wat oor ons gekom het, en enige opruiende deelname of verwante optrede sal tydens die verloop van die vergaderings buite orde wees, tog ywer die vergaderings om hierdie strafgerig te beëindig deur die Aangesig van ons hemelse Vader te soek.
8. Die besluite van die vorige volksvergaderings van die Geloftevolk is bindend op daaropvolgende vergaderings, vernaamlik:

8.1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.

8.2. Dit noodsaaklik is dat alle middele aangewend word om die Geloftevolk in stand te hou.

8.3. Die toekomstige staatsmodel van die Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.

8.4. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis, soos hanteer is deur die Teokratiese Komitee en eenparig aanvaar is tydens die Orania Volksvergadering van 2011.

8.5. Die volgende Teokratiese beginsels word reeds deur die komitee geïmplementeer:

8.5.1. Raadpleging d.m.v. lotsbeslissing as Teokratiese beginsel word toegepas om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom. Dit word verder omskryf in dokumentasie wat deur die GKK en die TK [Teokratiese komitee] opgestel is, nl. Die Teokratiese verslag[21] [Hoofstuk 2.6.2] asook in Die Konsep Grondwet[22], par.77.2 en verder.

[21] https://volksvergadering.co.za/Documents/2015042162351_item_Verslag-van-die-Teokrasie-komitee---Finaal.pdf
[22] https://volksvergadering.co.za/Documents/20141028111641_item_2011-08-06%20%20Konsep%20Grondwet.pdf

**Spreuke 16:33** In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van JHWH *[die HERE].*

8.5.2. Die vergadertye van die Geloftevolk is in ooreenstemming met:

**Deut.16:16** Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God *[JHWH jou EloHiJM]* verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van JHWH *[die HERE]* verskyn nie;

9. Daar sal streng by die ordereëlings gehou word en persone wat nie by die ordereëlings hou nie en sodoende buite orde raak, bring daarmee die heiligheid van die vergadering en die Teokratiese samestelling daarvan in gedrang wat tot oneer van Vader JaHWeH se teenwoordigheid strek. Hierdeur verval so 'n persoon se toegang tot- en voortgesette deelname aan die vergadering.


 9.1. Lede van die GKK moet die voorsitter behulpsaam wees om ordereëlings te handhaaf.

10. Kennisgewing van vergaderings moet vooraf geskied by wyse van hetsy, plakkate, pamflette in posbusse, radio en koerant advertensies, epos, elektroniese media- en platvorms, en persoonlike uitnodigings.

## Eindnota's

[i] **Die Outentieke Gelofte van Bloedrivier**

Uittreksel uit "Journaal der Expaditie van de uitgewekene Boeren" gehou deur "J. G. Bantjes den klerk des Volks Raads" en gepubliseer in De Zuid-Afrikaan 14 Juny 1839.




Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden),—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden

[ii] **Paardekraal Gelofte  - foto van inskrywing op Graniet in die gedenkmuur van die monument te Paardekraal, Krugersdorp.**




[iii] Andries Pretorius brief aan ds. Van der Lingen – sien *"tot een volk worden"* in laaste vier reëls.



27

Voor Sneeuw
Den 23 July 1838.

Aan den Weleerwaarde Heer,
G. W. A. van der Lingen,
Aan den Paarl Leeraar.

Waarde Heer, ik hoope dat UEd. nog soovele tyd sullen uydkoopen om dese myne ongerymde dog waare dankbaare letteren te leesen.

WelEerwaarde Heer, hoe verblyd waart ik om van UEd. soo een verkwekkende en so een deelneemende brief te ontvangen waar ik en ontdekke als dat UEd. tog nog sonder vooroordeel belang en UEd. zwerfvende Colonesten steld en wel het wel gelooven dat uwe dierbaare Egtgenoot en andere bloetverwanten UEd. bedug sullen maaken, want hoe verschrekkelyk moet hun den toestand van ons zwervende voorkoomen. Maar soo dese van den Almagtige is, soo het syne wyse wil en welbehaagen is soo sullen wy daar tot een volk worden en ter syner eere leeven. Ik ontvang met de heer J. Boshof en syn geselschap weer een brief uid het Laager

[iv] **VOLKSVERKLARING**


Die Geloftevolk Koördineringskomitee reik hiermee die volgende verklaring uit met betrekking tot besluite wat tydens die Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid Afrika geneem is te Vegkop Geloftefeesterrein, 25 - 27 September 2009:

## Die Volksvergadering verklaar as volg:
## Besluite:

1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
2. Dit noodsaaklik is dat alle huidige middele wat tans aangewend kan word om die Geloftevolk in stand te hou, op alle lewensterreine benut moet word.
3. Dit noodsaaklik is dat die Geloftevolk 'n soewerein-vrye volk moet word.
4. Dat die grondslag waarop die toekomstige vryheid van die Volk gebou word, regverdigbaar is.
5. Die vrywording van die Geloftevolk binne bereik is.

6. Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
7. Dat die oproep en ordening van die vergadering aan die byeenkoms legitimiteit verleen as 'n Volksvergadering.
8. Dat 'n volksdatabasis dringend tot stand gebring moet word, sodat die Geloftevolk doeltreffend kan kommunikeer - as 'n eerste stap op pad na vryheid.
9. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging.
10. Die vergadering besluit dat die instelling van 'n Reddingsdaadfonds deur die voortsettingskomitee ondersoek sal word.
11. Die vergadering gee opdrag dat die komitee aandag sal skenk aan volksverootmoediging.
12. Die vergadering gee opdrag dat die Volk ingelig sal word oor die besluite van die Volksvergadering.
13. Die vergadering stel 'n voortsettingskomitee saam om uitvoering te gee aan die besluite wat geneem is. Die voortsettingskomitee sal as die Geloftevolk Koördineringskomitee bekend staan, en kry opdrag om die volgende Volksvergadering byeen te roep, so gou as wat prakties moontlik is.
14. Na aanleiding van 'n uitspraak wat vanuit die gehoor gemaak is, het die vergadering hul eenparig gedistansieër van die gebruik van gewapende geweld in die vrywordingsproses.
15. Die komitees sal te alle tye 'n oop-deur-beleid handhaaf, sodat Volksgenote deurlopend insette kan lewer.
16. Die vergadering gee goedkeuring daaraan dat Geloftefees-komitees of komitees wat volksbyeenskomste reël, voortdurend inligting kan aanvra vanaf die koördineringskomitee om aan hulle vergaderings bekend te maak.
17. Die vergadering erken deurgaans die Geloftevolk se volle afhanklikheid van ons Hemelse Vader en eer Hom vir die ordelike verloop van die volksvergadering.

[v] **Andries Pretorius met die lot aangewys – De Zuid-Afrikaan Vrydag den 14 Juny 1839**


den Klerk des Volks Raads, door den Hr. J. G. Bantjes, Secretaris van den Hoofd-Kommandant, die gedurende de expeditie als heeft geageerd:—

Nademaal de Heer Andreas Wilhs. Jacs. Pretorius, eenige dagen geleden alhier is aangekomen, met eene party zyner manschappen, ten einde met een kommando, in den kryg tegens *Dingaan*, Opperhoofd der Zoolas op te trekken, om te trachten het, door hem, van onze dood gemartelde mede-reizigers geroofde, terug te halen; ontstond er ten gevolge van dien aankomst, groote blydschap onder het algemeen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door gemelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe ongaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den staat waarin zyne mede-reizers verkeeren, in het lager als in een gevangenis opgesloten zynde, hy die gewigtige taak, gewilliglyk op hem nemen zou, en zyne vermogens zoude inspannen, om te doen, hetgeen onze wezentlyke belangens vorderen. Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzigtig bestier zoude plaats hebben, om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, aan te teekenen.

Zoo was het dan, dat ik my haastte, en zond des anderen daags, zynde den 27sten Nov. 1838, mynen wagen, naar de

[vi] **Eerste Kerkraad in Natal met die lot aangewys - Dagboek van Erasmus Smit**



Zondag eerstkomende, na de predikatie, van die spreekplaats af te lezen.

*Zaterdag, 2 Dec.* Onze Goeverneur zond heden en de vorige dag 'n brief rond, om alle mensen te nodigen om op Zondag, de 3e Dec., 'n algemene dankdag in 't hoofdleger te vieren.

*Zondag, 3 Dec.* De opkomst tot de Godsdienst was aangenaam: velen kwamen van nabij en van verre aan. De léraar predikte op deze bid- en dankdag over 1 Sam. 7:12;[32] las daarna 'n herder- en vaderlike brief van de Goeverneur aan de gemeente voor; en voorts werden de namen voorgelezen van 'n Kerkeraad, 2 Ouderlingen en 2 Diakenen, door 't lot verkozen uit 'n tiental: Brs. François Retief en Carel van der Merwe tot Ouderlingen; en Brs. Christiaan Liebenberg en Roelof Dreyer tot Diakenen.

In de namiddag verhandelde de léraar Hand. 20: 26-32, bijwijze van inwijding en bevestigingsrede gepast op de Kerkeraad. De Broeders werden toen, naar 't formulier van onze Nederduitse Gereformeerde Kerk, in de Heilige Dienst bevestigd, door E. Smit, de léraar der gemeente. Voorts werden er 4 kinderen door de Heilige Doop in de Kerk ingewijd.